
Doen die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal Deel XII* dit vir die Afrikaanse taal en die Suid-Afrikaanse leksikografie?

Ilse Feinauer, *Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, Republiek van Suid-Afrika (aef@sun.ac.za)*

Opsomming: Hierdie resensieartikel wil vasstel in watter mate WAT deel XII aan die missie van die WAT voldoen, naamlik "om die Afrikaanse taal en die gebruikers daarvan te dien, asook die leksikografie in die algemeen, veral die Suid-Afrikaanse leksikografie". Daar word ondersoek ingestel na die voortekste, agtertekste en die sentrale teks, en aangetoon dat albei buitetekste geïntegreer is met die sentrale teks en in daardie opsig dus wel die leksikografie dien. Wat die sentrale teks betref, word tot die gevolgtrekking gekom dat die gebruikers van die Afrikaanse taal sowel as die Suid-Afrikaanse leksikografie meer daarby sal baat indien dit deegliker gekonseptualiseer en beplan sou word aan die hand van leksikografiese funksies. Die keuse van leksikale items wat die omvattendheid van die Afrikaanse leksikon illustreer en verteenwoordig sal ook aan die hand van 'n goed beplande korpus herbedink moet word. Frekwent gebruikte woorde sal dus nie langer as lemmatekens oor die hoof gesien word nie en die lengte van artikelinskrywings behoort ook meer gelykvormig gebalanseer te word. Sodoende sal die Afrikaanse taal en die gebruikers daarvan beter gedien word. Die Suid-Afrikaanse leksikografie sal daarby baat indien die WAT sou terugkeer na wat van 'n omvattende woordeboek verwag word, naamlik 'n meer gebalanseerde verteenwoordiging van makro- en mikrostruktuur. Dit behoort ook te lei tot 'n meer eweredige verspreiding van artikelomvang en minder onbewerkte lemmatekens.

Sleutelwoorde: AGTERTEKSTE, BUITETEKSTE, LEKSIKOGRAFIE, LEKSIKOGRAFIESE FUNKSIE, LEMMATEKEN, MAKROSTRUKTUUR, MEDIOSTRUKTUUR, MIKROSTRUKTUUR, OMVATTENDE WOORDEBOEK, ONBEWERKTE LEMMATEKEN, RAAMSTRUKTUUR, SENTRALE TEKS, VOORTEKSTE

Abstract: *Does the Woordeboek van die Afrikaanse Taal Part XII do it for the Afrikaans Language and South African Lexicography?* This review article seeks to discover the extent to which WAT Part XII complies with its mission, that is "to serve the Afrikaans language and its users, as well as lexicography in general, especially South African lexicography". The front matter, back matter and central list are investigated and it is shown that both outer texts are integrated with the central list and in that respect lexicography is therefore served. With regard to the central list, it is concluded that users of Afrikaans as well as South African lexicography will benefit more if this would be conceptualised more systematically and planned according to lexicographic functions. The choice of lexical items which illustrate and represent the comprehensivity of the Afrikaans lexicon would also have to be rethought on the basis of a well-

designed corpus. Frequently used words would then no longer be overlooked as lemma signs and the length of dictionary articles should also become more evenly balanced. In this way the Afrikaans language and its users will be served better. South African lexicography would benefit more if WAT were to return to what is expected of a comprehensive dictionary, namely a more balanced representation of the macro- and microstructure. This should also lead to less disparity in article size and fewer untreated lemma signs.

Keywords: BACK MATTER, CENTRAL LIST, COMPREHENSIVE DICTIONARY, FRAME STRUCTURE, FRONT MATTER, LEXICOGRAPHY, LEXICOGRAPHIC FUNCTION, LEMMA SIGN, MACROSTRUCTURE, MADIOSTRUCTURE, MICROSTRUCTURE, OUTER TEXTS, UNTREATED LEMMA SIGN

Inleiding

Met die verskyning van WAT XII word die letters P en Q voltooi. Deel XII beslaan 760 bladsye met 8 936 verklaarde lemmatekens waarvan 8 873 aan P gewy word en die oorblywende 63 aan Q. Hierdie deel verskyn in die 79ste bestaansjaar van die WAT en in die 80ste verjaardagvieringe in 2006 speel dit 'n sentrale rol. Dit is die eerste deel onder die hoofredakteur dr. W.F. Botha, maar in hoe 'n mate Botha se redaksionele leiding die sentrale teks beïnvloed het, sal seker in 'n groter mate blyk met die verskyning van deel XIII (R). Volgens Botha (WAT XII: i) sou deel XII reeds in 2003 verskyn het, maar die totstandbrenging van die elektroniese weergawe van WAT I–XI sowel as die publikasie van *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* en die elektroniese weergawe daarvan het deel XII se publikasie met twee jaar aangeskuif. Wat verder tot die vertraging aanleiding gegee het, is dat die WAT "gedwing is om drastiese besparingsmaatreëls in werking te stel en gevolglik is deel XII deur 'n kleiner redaksie as vorige dele saamgestel" (Botha in WAT XII: i). Die kleiner redaksie is die gevolg van 'n afgeskaalde staatsbydrae: die totstandkoming van elf staatsondersteunde woordeboekeenhede vir al die amptelike landstale in 2000 in plaas van net twee soos in die vorige taalbedeling het tot hierdie vermindering in die staatsubsidie gelei. Die Redaksie van die WAT verdien dus lof vir dit wat hy sedert 2003 bereik het, veral wat betref die tegnologiese vooruitgang met die verskyning van die elektroniese weergawe van die WAT.

In hierdie resensieartikel word die missie van die WAT as uitgangspunt geneem en word vasgestel in hoe 'n mate deel XII hieraan voldoen:

Die missie van die WAT is om die Afrikaanse taal en die gebruikers daarvan te dien, asook die leksikografie in die algemeen, veral die Suid-Afrikaanse leksikografie.

Die ideaal is dus dat die akademikus die WAT as die praktiese vergestaltung van die metaleksikografie kan benut, terwyl die deursneegebruiker die Afrikaanse taal so volledig moontlik daarin weerspieël wil sien: Standaardafrikaans, omgangstaal, streektaal, variëteite, taal vir spesifieke doeleindes (vak-

taal), uitdrukkings en kollokasies moet almal opgeneem en leksikografies bewerk word. Dit geld natuurlik nie net deel XII nie, maar daar wil veral nagegaan word of die veranderinge in deel XII wel leksikografiese en metaleksikografiese waarde toegevoeg het (Gouws 2006: 49).

Raamstruktuur

Binne die moderne metaleksikografie word woordeboeke beskou as "draers van tekssoorte" en die sogenaamde raamstruktuur word gebruik om die verskillende datatipes in 'n woordeboek te akkommodeer. Die woordeboekstruktuur kan in drie hoofdele verdeel word, naamlik die voortekste, die sentrale teks en die agtertekste. In die moderne leksikografie word *woordeboeke* in plaas van *woordelyste* nagestreef. Dit beteken dat die fokus nie meer net op die sentrale teks is nie, maar dat die buitetekste (voor- en agtertekste) saam met die sentrale teks gebruik word om woordeboeke na behore te ontsluit. Die buitetekste is veronderstel om die sentrale teks te komplementeer oftewel die raam te vorm waarbinne die sentrale teks geplaas en gelees word (Gouws en Prinsloo 2005: 57). Die buitetekste dra nie net by tot beter inligtingsontsluiting vir die gebruiker nie, maar speel ook 'n rol in die dataverspreidingstruktuur van die woordeboek (Keyser 2003: 35-36). Dit beteken dus dat deeglike beplanning nie meer net nodig is vir die strukturering en inhoud van die sentrale teks nie, maar ook vir die buitetekste.

Voortekste

Die voortekste en veral die teks wat die toeligting by die gebruik van die woordeboek bevat, word vandag as verpligte teks beskou. Geen leksikograaf kan aanneem dat die gebruiker van 'n spesifieke woordeboek sal weet hoe om die woordeboek te gebruik, te interpreteer en te verstaan, asook hoe om al die leksikografiese data na behore aan die sentrale teks te onttrek nie (Gouws en Prinsloo 2005: 57). Dit is des te meer belangrik by 'n omvattende woordeboek soos die WAT met sy uitgebreide data- en funksiebestek.

Die voortekste in die WAT beslaan 24 bladsye en bestaan uit 'n inhoudsopgawe, 'n inleiding, toeligting by die gebruik van die woordeboek, 'n skematiese voorstelling van die inskrywings en redaksionele afkortings. Die voortekste (uitgesonderd die inleiding) kan gesien word as geïntegreerde buitetekste, omdat hulle die gehalte van die inligtingoordrag van die WAT verhoog. Sien verder Gouws en Prinsloo 2005: 58-61 oor geïntegreerde en niegeïntegreerde buitetekste. Hier word ook 'n mediostrukturele verbintenis tussen veral die teks "Toeligting by die gebruik van die woordeboek" en die sentrale teks bewerkstellig deurdat die gebruiker met behulp van soms heel eksplisiete merkers na die sentrale teks gelei word. So byvoorbeeld kan die uitspraakslutel wat hier verskaf word, help om die fonetiese transkripsies in die sentrale teks te interpreteer.

Die "Toeligting by die gebruik van die woordeboek" (WAT XII: vii-xxi) wat die omvattendste voorteks is, bevat die afdeling "Aard van die woordeboek" waaruit die woordeboek se tipologie en die basis vir die opname van die lemmas blyk. Hierdie afdeling verduidelik ook die rangskikking van die verskillende betekenisonderskeidings binne een woordeboekartikel of tussen twee homonimiese lemmatekens. Daarop volg 'n indeks wat die volgende onderafdelings lys: 'n terminologieverklaring wat die leksikografiese vakterme verduidelik soos hulle in die res van die toeligtende aantekeninge gebruik word, die rangskikking van die woordeboek- en artikelinskrywings, samestellings en afleidings, die gebruik van hakies, verwysings, die beleid vir die hantering van beledigende en sensitiewe leksikale items, afkortings, bronne, uitspraaksleutel, en die missie van die WAT.

Wat taamlik hinderlik is, is dat die koherensie in die "Toeligting by die gebruik van die woordeboek" versteur word deur die invoeging van die "Skematiese voorstelling van inskrywings" op bll. viii en ix. Die skematiese voorstelling is uiteraard die een voorteks waarsonder geen woordeboek kan wees nie, maar hier moes dit eerder (soos in deel XI) voor of direk na die "Toeligting by die gebruik van die woordeboek" geplaas gewees het. Soos dit nou gehanteer is, is daar ook geen inskrywing in die indeks wat die gebruiker na die skematiese voorstelling lei nie. Daar is egter 'n hegte integrasie tussen sentrale teks en voorteks met die gebruik van inskrywings uit die sentrale teks as illustrasie materiaal om die toeligting prakties te demonstreer. Daar word ook verder 'n hegte kohesie bewerkstellig binne hierdie voorteks deurdat daar by elke term wat in die skematiese voorstelling gebruik word, 'n verwysing na die betrokke paragraaf in die "Toeligting by die gebruik van die woordeboek" gegee word. Sonder hierdie leksikografiepraktyk sal die gebruiker nie werklik die woordeboekartikel na behore kan ontsluit nie. Soos in deel XI word die betrokke gedeeltes wat binne die woordeboekartikel benoem word, in die skematiese voorstelling ingekleur, wat die gebruiker help om die benoemde gedeelte makliker en vinniger te sien.

Wat die res van die "Toeligting by die gebruik van die woordeboek" betref, word daar feitlik deurgaans goeie integrasie tussen die sentrale teks en die voorteks bewerkstellig deurdat daar net soos by die skematiese voorstelling toepassings uit deel XII gebruik word. Daar is wel twee gevalle waar dit nie gebeur nie, naamlik onder 2.6 "Etiket" op bl. xiii: "lemmas wat kragwoorde is wat 'n spreker of skrywer se oordeel verraai" en "lemmas wat kragwoorde en uitroepe verteenwoordig wat gebruik word met die opset om te skok". By eersgenoemde word 'n voorbeeld uit Deel XI **naai II 2** en by laasgenoemde 'n voorbeeld uit Deel I **bliksem** verskaf. Dit is onduidelik waarom, want gepaste voorbeelde behoort maklik in deel XII self gevind te kan word. Onder parr. 5.4 "Verwysingsmetode by teenstellings en ander semanties verwante vorme", 5.5 "Verwysing met 'Vgl.' en die aanwending van 'OPM.'", en 5.6 "Verwysing met 'Sien Toeligting, 6'" word daar geen toepaslike illustrasies uit die sentrale teks gegee nie, terwyl daar konsekwent toepassings by die res van die toeligtende paragrawe gevind word. Heel aan die einde van die "Toeligting by die gebruik

van die woordeboek" ná "Verwysings" word daar 'n paragraaf aangetref met as opskrif "*LET OP*" (bl. xix). Dit word gelees as sou dit deel wees van die vorige par. 5.6, terwyl dit eintlik geen verband daarmee het nie. Dit handel wel oor verwysings, maar spesifiek oor waar verwysings na lemmas met syfers en punte vooraan, byvoorbeeld *35 mm-kamera* en *.303-geweer*, gesoek moet word. Hierdie inligting hoort logieserwys onder par. 2.3 "Die lemma en sy vorm" waar alle inligting oor die ordening van lemmatekens verskaf word, asook inligting oor verwysings na gemerkte lemmatekens: o.a. lemmatekens met syfers voor ter onderskeiding van homonieme en homograwe en meerwoordige leksikale items. Op sy huidige plek is dit feitlik onmoontlik vir die gebruiker om die inligting oor die plasing van hierdie soort lemmas met behulp van die indeks op te spoor.

Die gebruik van tipografiese en nietipografiese strukturele aanwysers as deel van die interne toegangstruktuur van die woordeboek word aangewend om die gebruiker na spesifieke tipes items binne die woordeboekartikel te lei. Volgens Gouws en Prinsloo (2005: 171) moet hierdie stelsel in besonderhede uitgespel word in die toeliggende gedeelte van die woordeboek. In die toeliggende van die WAT word net die gebruik van ronde en vierkantige hakies as afsonderlike indeksinskrywing volledig beskryf. Die gebruik van ander nietipografiese strukturele aanwysers soos die \approx en die \blacksquare word gehanteer as deel van die "Rangskikking van die woordeboek- en artikelinskrywings" onder die hofie "Voorbeelde" in par. 2.1 "Volgorde en tipografie" op bl. xi. Tipografiese en nietipografiese strukturele aanwysers word hier saam aangetref met die beskrywing van die gebruik van sowel kursiewe inligting as die aanwysers \approx en \blacksquare soos ook in par. 2.10 "Voorbeeldmateriaal". Die WAT behoort meer gebruik te maak van sowel tipografiese as nietipografiese strukturele aanwysers om die gebruiker vinnig en maklik na 'n spesifieke item of datakategorie binne 'n woordeboekartikel te lei sonder dat die hele artikel eers deurgelees moet word. Die enigste nietipografiese merker wat tans so gebruik word, is die vierkantige hakies wat uitsluitlik die uitspraak van 'n betrokke lemmateken aandui. Oorsien hierdie strukturele aanwysers in die WAT nie onderskeidend nie, aangesien dieselfde aanwyser aangewend word om heelwat datakategorieë te onderskei: vergelyk hier die verskillende gebruike van die ronde hakies wat aangetref word in par. 4.1 (bll. xvi-xvii). Net so word kursiefdruk nie uitsluitlik vir voorbeeldmateriaal gebruik nie en die aanwyser \blacksquare vir uiteenlopende tipes redaksionele kommentaar, weliswaar almal in aanloopvorm. Die strukturele aanwyser moet eerder die tipes kommentaar onderskei as die vorm waarin die kommentaar aangebied word. Die tipes kommentaar wissel vanaf die grammatikale soos die aanduiding van die meerkonksionele gebruik van 'n lemma (Ook selfst./ww./byw.) tot die aanwysing van 'n meer stilistiese toepassing van die lemma (In 'n ou bron/Met personifikasie). Grammatikale en stilistiese leiding behoort juis nie op dieselfde manier behandel te word nie. Styl is die keuses wat 'n taalgebruiker uitoefen, onderhewig aan of begrens deur die taalsisteem oftewel die grammatika. Die aanwyser \approx word gebruik om kollokasies en poëme van sitate te onderskei, maar wat onderskei kollokasies en poëme van

mekaar? Aangesien alle voorbeeldmateriaal gekursiveer word, kan nietipografiese strukturele aanwysers met vrug aangewend word vir die eenduidige onderskeid van kollokasies, poëme en sitate.

Die integrasie van die voortekste en die sentrale teks sal duideliker wees indien die bladsynommers van die voortekste nie afsonderlik van die sentrale teks genommer word nie. Die voortekste word met klein Romeinse syfers, en die sentrale teks met Arabiese syfers genommer.

Agtertekste

Die eerste agttertels vanaf bl. 722 bestaan uit "Bronne waaruit in hierdie deel van die Woordeboek aangehaal is". As gevolg van die talle verwysings vanuit die artikels in die sentrale teks na hierdie agttertels kan dit as 'n geïntegreerde agttertels beskou word. Volgens Wiegand (1996: 13, soos aangehaal in Gouws 1999: 8) maak verwysings na die bronne waaruit aanhalings vir voorbeeldmateriaal geneem is, ook deel uit van die mediostruktuur van die woordeboek. Hierdie verwysings kan die gebruiker na 'n eksterne bron lei (Gouws 1999: 9). Die integrasie van die sentrale teks met die agttertels blyk duidelik uit die deurlopende bladsynommering in Arabiese syfers vanaf die sentrale teks asook "Verbeterings in deel XI van die Woordeboek" wat vanaf bl. 760 aangetref word. Laasgenoemde gedeelte hoef eintlik nie by deel XII geïntegreer te wees nie, want dit hou geen verband met enigiets wat vir deel XII ter sake is nie. Deurdat dit wel as agttertels voorkom en kennelik by deel XII geïntegreer is, word kohesie tussen die afsonderlike dele van die WAT bewerkstellig en sien die gebruiker dat die dele gesamentlik gebruik behoort te word.

Uit die tipologiese aard van die WAT, naamlik dié van omvattende verklarende woordeboek wat ten doel het om die Afrikaanse taal so volledig moontlik te weerspieël, word feitlik alles in die sentrale teks aangetref, en daarom voel die Redaksie waarskynlik dat daar nie behoefte is aan meer uitgebreide agttertels nie. Volgens Gouws en Prinsloo (2005: 61) sou die beskrywing en gebruik van 'n reeks leksikale items uit byvoorbeeld 'n tegniese of ander gespesialiseerde veld wat by beperkter verklarende woordeboeke nie normaalweg as deel van die sentrale teks sou optree nie, as agttertels geplaas kon word. So word daar in die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) (2005) 'n lys afkortings sowel as geografiese name en hulle afleidings as agttertels aangetref. Die gebruik van die agttertels is hier dus aanvullend tot die sentrale teks. Niks verhoed die Redaksie van die WAT om byvoorbeeld afkortings sowel in die sentrale lys as in 'n agttertels te plaas nie. Dit gee dan aan die gebruiker 'n keuse van toegangsroetes: óf die inligting word onttrek deur die alfabetiese sentrale lys te besoek, óf die gebruiker gaan direk na die agttertels en kry die inligting gouer en makliker daar. Indien die gebruiker omvattender inligting sou wou hê oor die lemmateken in die agttertels, word daar dan weer na die sentrale teks geblaai. Dit sou die waarde van verdere dele van die WAT leksikografies verhoog deurdat die woordeboek dan politoe-

ganklik vir sy gebruikers sal wees en daar dan ook besonder hegte integrasie tussen sentrale en agterteks bewerkstellig word. Nog gevalle van agtertekste sou byvoorbeeld etimologiese bewerkings van sommige lemmatekens asook sinoniem- en antoniemlyste kon wees.

Sentrale teks

Die sentrale teks wat gewoonlik as alfabetiese lys aangebied word, is die belangrikste deel van enige woordeboek, want dit is wat die algemene gebruiker as "die woordeboek" beskou. Die opmerkings in die volgende drie afdelings oor sommige artikels binne die artikeltrajek van deel XII vind plaas aan die hand van drie strukturele komponente wat in die sentrale lys bewerk moet word, naamlik die makrostruktuur, die mikrostruktuur en die mediostruktuur. Vir 'n bespreking van verdere strukturelemente en die terme *artikeltrajek* en *artikel*, sien Gouws en Prinsloo (2005: 62-64).

Makrostruktuur

Hierdie strukturele komponent het te make met die leksikale items wat uitgesoek word om as lemmatekens in die woordeboek opgeneem te word. Die makrostrukturele komponente word dan ook die belangrikste eenhede wat binne enige woordeboek leksikografies gehanteer word (Gouws en Prinsloo 2005: 63). Dit is die komponent waarvoor die WAT gewoonlik hoog deur resensente aangeprys word. Vergelyk byvoorbeeld:

Woordeskatte kan uitgebrei word met woorde soos *pinakoteek ...*, *pinas ...*, *proro-geer ...*, *psigogenese ...* en *puerpera ...* (Martins 2005)

Die letter P bevat 8 873 verklaarde lemmas, waaronder kostelike en beskrywende uitdrukkings soos 'paddakombers' ..., 'pampoemies' ..., 'pepa'..., 'petieterig', 'pikewynpak' ... en 'penswinkel' ... Die WAT is die enigste woordeboek wat nie net Standaardafrikaans reflekteer nie, maar die hele spektrum van die Afrikaanse woordeskat in sy geheel boekstaaf; van vaktaal met 'n hoë gebruiksfrekwensie, tot algemene gesels- en spreektaaluitdrukkings, variëteite van Afrikaans soos Griekwa-Afrikaans en Oranjerivierafrikaans, asook die Khoi- en Sanbydraes tot die Afrikaanse woordeskat. (Swart 2006)

Die omvattendheid van die WAT word verder deur Botha as Hoofredakteur in verskeie forums voorgehou. Een hiervan (Botha 2006) lui:

Die taak van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* bly steeds om die ganse woordeskat van Afrikaans in al sy verskyningsvorme van standaardtaal, streektaal, geselstaal en die verskillende variëteite te probeer dokumenteer. Die WAT is die enigste woordeboek wat streektaal, geselstaal, uitdrukkings en die verskillende variëteite omvattend opneem. Die kleiner woordeboeke beperk hulle tot die standaardtaal.

Ongeag hoe omvattend die makrostruktuur daar ook al uitsien, die keuse van leksikale items wat hierdie omvattendheid van die Afrikaanse leksikon illustreer en verteenwoordig, mag nie willekeurig en lukraak gemaak word nie. "The lemmata have to be drawn from a representative corpus of the specific language and a vital part of the planning of any lexicographic endeavour is the development of a corpus," aldus Gouws en Prinsloo (2005: 65). Hulle sê voorts daar moet goed gedefinieerde beginsels wees op grond waarvan leksikale items as lemmas opgeneem word. Gouws (1999: 4) merk op dat daar in die beginstadias van die WAT nie juis blyke was van grondige leksikografiese beplanning nie. In die huidige "Toeligting by die gebruik van die woordeboek" blyk daar weliswaar steeds nie 'n plan vir opname nie, maar op bl. vii word dit gestel:

Afgesien van taal uit geskrewe tekste, word ook spreek- en streektaal gereflekteer indien daar genoegsame getuienis daarvan bestaan. Verder word terme wat in koerante en tydskrifte aangetref word, ook opgeneem. Die kriteria vir opname in al die gevalle is of 'n leksikale item gevestig geraak het in Afrikaans.

Die korpus waaruit die leksikale items geselekteer word, bestaan uit 'n kaartversameling wat sedert 1911 deurlopend opgebou word deur 'n groep medewerkers en wat sowel geskrewe as gesproke taal bevat, asook uit 'n elektroniese databasis wat saamgestel word met die oog op die alledaagse en frekwent gebruikte leksikale items.

Dat die bestaande korpus en/of die wyse van onttrekking en seleksie feilbaar is en herbedink behoort te word, blyk uit die weglating van items wat daaglik in gesproke en geskrewe taal voorkom. Die item **plaasmoord** kom nie as verklaarde of onverklaarde lemmateken voor nie. Van die vier items **plaasaanval**, **plaasarres**, **plaastronk** en **plaaswag** wat wel opgeneem is, is dit net **plaasaanval** en **plaaswag** wat naastenby so frekwent soos **plaasmoord** voorkom. Die items **plaasarres** en **plaastronk** se mindere frekwensie blyk daaruit dat hulle onderskeidelik as *histories* en *verouderend* geëtiketteer is, maar desondanks word hulle volle verklaarde lemmastatus gegee. Net so word **prettrap** met sy persoonsvorm **prettrapper** ook nie opgeneem nie, maar **prettdraf**, **pretdrawwer**, **pretloop** en **pretstap** wel. Op grond waarvan is die net so gebruiklike **prettrap** en **prettrapper** geïgnoreer? Twee hoogs frekwent gebruikte leksikale items wat ook teen alle verwagting in as verklaarde of onverklaarde lemmas ontbreek, is **padongeluk** en **padgeweld**. Die afkorting **POF** word wel gegee met as definieëns die volvorm "Padongelukkefonds", wat, omdat dit 'n eienaam is, nie as lemma opgeneem en verklaar is nie. Die rede vir die nieopname word egter nie in die "Toeligting" verduidelik nie.

De Schryver (2005: 70) merk ook die probleem van die weglating van frekwent gebruikte leksikale items op. Hy meen die gebruik van slegs 'n korpus is nie voldoende vir die onttrekking van leksikale items vir plasing in 'n omvattende woordeboek soos die WAT nie, selfs al is die hoofkriterium vir opname volgens Botha (2005: 86) optekening uit 'n minimum van drie bronne gebruik deur drie verskillende skrywers:

Hanks (2004) remarks ...: 'For a big dictionary — even a one-volume big dictionary, such as the *(New) Oxford Dictionary of English* — a corpus alone is not enough. ... We included *all* the words and senses in the corpus *and then some more*.' Given the *overall*-descriptive nature of WAT this means that ... (over 60% of the lemma signs found in HAT but missing in WAT) should at least have been given lemma-sign status in WAT.

De Schryver (2005: 72) beweer verder dat die nieopname van frekwent gebruikte leksikale items in die WAT daartoe kan lei dat die WAT verder en verder wegbeweeg van sy doel om 'n omvattende beskrywende woordeboek te wees en dat wat Botha steeds in deel XII voorhou, naamlik om "die ganse woordeskat van Afrikaans in al sy verskyningsvorme ... te probeer dokumenteer" deesdae nie meer gestand gedoen word nie. Vergelyk ook die opmerking van Feinauer (1996: 238-239):

Tot tyd en wyl die databasis van die WAT in alle opsigte die sosiolinguistiese werklikheid van die Afrikaanse taalgemeenskap reflekteer, sal die samestellers van komende dele hulle nie ten volle op die databasis kan verlaat, of hulle daardeur kan laat intimideer nie, en sal op eie inisiatief ook lemmas moet opneem. Die eerste prioriteit moet sekerlik wees om 'n meer omvattende woordeboek daar te stel, en nie om aan die databasis getrou te wees nie.

Volgens De Schryver (2005: 72) is 'n moontlike oplossing vir hierdie probleem die volgende:

A large electronic corpus should be built and *effectively used* to complement the current manually compiled citation collection. This will avoid a situation whereby further frequent items are not given lemma-sign status.

Op hierdie stadium lyk dit asof die kaartversameling nog te sterk bevoordeel word bo die elektroniese korpora wat die Redaksie tot sy beskikking het. Dit lei daartoe dat te veel aandag aan niefrekwente leksikale items gegee word ten koste van hoogs frekwente items. Daar sal later na hierdie punt teruggekeer word in die bespreking van die mikrostruktuur.

Nog 'n probleem wat De Schryver (2005: 66-68) uitlig, is die lyste en lyste onbewerkte lemmatekens oftewel sublemmatekens wat in deel XI aangetref word. Volgens hom lyk dit asof die WAT deesdae met die woordelys gedeelte van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (2002) vergelyk kan word. Dit behoort volgens hom nie te gebeur in 'n tydperk van elektroniese korpora dat hoogs frekwent gebruikte items bloot as sublemmas in lang lyste verskyn sonder enige bewerking nie. Van die lemmas is volkome deursigtig en kan dus met min probleme onverklaard opgeneem word met slegs klem- en woordsoort-aanduiding. Vergelyk hier **pop** met die volgende onverklaarde lemmas: **popbed**, **popbottel**, **popfabriek**, **popfiguur**, **pophare**, **popklere**, **popkometers**, **popmuseum**, **poprok**, **popsteestel**, **popwaentjie** en **popwiegie**. Leksikograwe kan egter nie altyd aanvaar dat wat vir hulle deursigtig is, ook vir alle gebruikers ewe deursigtig sal wees nie. Die volgende sublemmas word as voorbeelde genoem van talle ander wat eerder in deel XII verklaar moes gewees het omdat

hulle nie sonder meer deursigtig is nie: **padaflewing** (Kan alle gebruikers aflei dat dit aflewing is wat per vragmotor geskied?), **plaaskombuis** en **plaaskultuur** (Hierdie lemmas het veral die afgelope tyd polisemiese uitbreiding ondergaan na onderskeidelik 'n sekere tipe restaurant en 'n sekere tipe kultuur), **polisiewag** en **polisiewreedheid** (Is eersgenoemde 'n wag of dalk 'n erewag deur die polisie of selfs 'n wag vir die polisie? Is laasgenoemde wreedheid deur of teenoor die polisie?), **poskoets** (Dit is 'n historiese item wat min vir die hedendaagse gebruiker beteken en verklarings verdien.).

Die een woordeboek waarin daar verklaar kan en moet word, is die omvattende beskrywende woordeboek. Omvattende woordeboeke is juis veronderstel om tweeledig omvattend te wees: sowel makro- as mikrostruktureel. Op makrostrukturele vlak word daar dan wel voldoen aan die omvattendheidsbeginsel met die opname van onbewerkte lemmas, maar op mikrostrukturele vlak skiet die WAT dikwels tekort. Die enkele en enigste rede waarom lemmas onbewerk gelaat behoort te word, is op grond van hulle semantiese deursigtigheid al dan nie. Betekenisverklaring is maar slegs een van die artikel-inskrywings waarvoor die gebruiker die woordeboek raadpleeg. Indien 'n bepaalde lemmateken onbewerk gelaat sou word selfs al sou die betekenis daarvan deursigtig wees, word die gebruiker steeds ontnem van die res van die mikrostrukturele bewerking wat al die linguïstiese kenmerke van die betrokke lemmateken weerspieël. Vergelyk hier ook Gouws en Prinsloo (2005: 49) se kommentaar oor die mikrostruktuur van die omvattende woordeboek (Beklemtoning deur die skrywer):

The microstructure gives an extensive account of the linguistic features of the lemma signs. This leads to a *balanced* data density, i.e. the quantitative relation between macro- and microstructural entries, in the dictionary.

Die WAT sal in komende dele moet waak teen 'n ongebalanseerde oorwig aan die kant van die makrostruktuur ten koste van die mikrostruktuur. Daar word later na die probleem van onbewerkte lemmas teruggekeer in die bespreking van die mediostruktuur.

Mikrostruktuur

Die mikrostruktuur verwys na die onderskeie datakategorieë wat in die hantering van die lemmateken voorkom. Die makrostrukturele element tesame met die mikrostrukturele hantering daarvan maak 'n woordeboekartikel uit. Elke afsonderlike item waaruit die woordeboekartikel saamgestel is, staan bekend as 'n inskrywing (Gouws en Prinsloo 2005: 64 en 115). Van den Berg (2006) verwys dus na die mikrostruktuur van die WAT wanneer hy skryf:

Die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) is meer as net 'n woordeboek. Dis daarby 'n lewenshandleiding, want dit verklaar nie net woorde abstrak nie, maar demonstreer konkreet wat mense hoe, waar en wanneer oor die lewe gesê het.

Die "hoe" kan byvoorbeeld verwys na die inskrywings uitspraakaanduiding of die sitate en poëme onderskeidelik as konteks- en koteksleiding vir die gebruiker. Kontekstuele inskrywings help die gebruiker in sowel teksresepsie as teksproduksie, terwyl kotekstuele inskrywings die gebruiker sterker in teksproduksie bystaan deur middel van kollokasies, frases, en voorbeeldsinne wat aantoon hoe die lemma binne die spesifieke taalsisteem optree (Gouws en Prinsloo 2005: 128-129). Die "waar" en die "wanneer" kan weer verwys na die etikette wat die geografiese gebied of die gebruiklikheid of tydgebondenheid van 'n lemma aandui, wat albei eksplisiet kontekstuele leiding gee, maar wat ook uit die sitate afgelei sou kan word. Soos Van den Berg dus tereg opmerk, verskaf die WAT meestal pragmatiese leiding oftewel "konkrete demonstrasie" aan die woordeboekgebruiker deur middel van 'n uitgebreide en omvattende reeks inskrywings wat in die "Toeligting by die gebruik van die woordeboek" gedemonstreer en verduidelik word.

Die mikrostruktuur van enige woordeboek hang ten nouste saam met die hoof-leksikografiese funksie van die woordeboek. Volgens Bergenholtz en Tarp (2003: 176) verteenwoordig leksikografiese funksies die hulp wat die woordeboek aan die gebruikers bied. Hierdie leksikografiese funksies is die basiese elemente waarop die teorie en praktyk van die leksikografie berus en hulle is die hoofbeginsel van die inhoud en vorm van woordeboeke. Die hele woordeboekstruktuur, maar by uitstek die mikrostruktuur, word aan die hand van die betrokke funksies gerig. Gesamentlik vorm al hierdie funksies en die veld wat die woordeboek dek, die werklike doel van die betrokke woordeboek. Bergenholtz en Tarp (2003: 172) maak 'n indeling tussen twee hoofgroepe leksikografiese funksies wat hoofsaaklik gegrond is op die behoefte van die woordeboekgebruiker, naamlik kognitiewe of kennisgerigte funksies en kommunikatiewe funksies. Die kognitiewe funksies verskaf onder andere algemene kulturele, ensiklopediese en etimologiese inligting, meer spesifieke inligting oor die register of vakgebied van die lemmateken, asook inligting oor hoe die lemmateken binne die taalsisteem optree (o.a. grammatikale leiding). Kommunikatiewe funksies wat hier ter sake is, is dié wat verband hou met teksproduksie en teksresepsie (in een of meer tale). Albei funksies is wel ter sake vir 'n omvattende woordeboek soos die WAT, maar miskien is die hoof funksie hier tog meer kognitief as kommunikatief. Vir laasgenoemde funksie sal die gebruiker eerder standaard verklarende woordeboeke, aanleerwoordeboeke of vertalende woordeboeke raadpleeg. Volgens Gouws (1999: 5-6) is die tipiese gebruiker van 'n omvattende woordeboek 'n moedertaalspreker met 'n bogemiddelde beheersing van die taal; die potensiële gebruikers van die WAT is dus meestal bogemiddelde, oor die algemeen meer gesofistikeerde Afrikaanssprekende woordeboekgebruikers.

Gouws en Prinsloo (2005: 14-15) beklemtoon dat die vasstelling van die leksikografiese funksie en voortvloeiend daaruit die hoofdoelstelling van die woordeboek 'n sentrale rol behoort te speel in die konseptualisering en beplanning van die woordeboek. WAT XII is skynbaar nog nie aan die hand van lek-

sikografiese funksies gekonseptualiseer en beplan nie. Volgens De Schryver (2005: 62-63) lyk dit asof die Redaksie korter en minder ensiklopediese definiense skryf asook asof etimologiese inligting verminder word, met ander woorde daar word aan die kognitiewe inligting besnoei. Aan die ander kant is daar 'n uitbreiding van uitspraakleiding, een van die tipiese kommunikatiewe funksies wat vir mondelinge teksproduksie nuttig is. Vergelyk hier Gouws en Prinsloo (2005: 120) se opmerking (Beklemtoneering deur die skrywer):

Where text reception or text production are the *dominant functions* and the dictionary has to assist users in oral communication, a thorough treatment of the sound aspects of a given word is needed.

Vir die WAT as meer kognitief gerigte woordeboek moes die verskuiwing dus net andersom gewees het: meer etimologiese inligting en meer ensiklopediese definiense en 'n inkorting van uitspraakleiding. Die uitspraakleiding van die lemmateken **protea** beslaan byvoorbeeld feitlik twee reëls: [prote:^ha / prute:^ha / prœute:^ha / proti:^ha / pruti:^ha / prœuti:^ha] en die volle reeks uitspraakmoontlikhede word by alle verdere lemmatekens met **protea** herhaal: **Protea**, **proteablom**, **proteaboom**, **proteabos**, **proteafamilie**, **Proteakleure**, **proteaplant**, **Proteas**, **proteasoort**, **proteaspesie**, **proteastruik**. Hierdie ruimte wat deur die uitspraakleiding opgeneem word, sou met veel groter vrug kognitief aangewend kon word.

As die WAT dan wel implisiet by die saamstel van deel XII besluit het om die woordeboek meer kommunikatief te rig, moes die uitspraakleiding dan nie bloot deskriptief gelys gewees het nie, maar moes daar 'n mate van normering gewees het om te voorkom dat die gebruiker onwetend 'n minder "korrekte" uitspraak sal gebruik. By die lemmateken **prestige** word die volgende uitsprake gelys: [præsti:ʒ' / præsti:ʒ' / præsti:dʒ' / præsti:dʒ' / præsti:tʃ' / præsti:tʃ']. Moet die gebruiker nou aflei die gebruiklikste uitspraak word eerste en die mins gebruiklike laaste gegee? Ook hier word inkonsekwent met uitspraakaan duiding omgegaan, want uit die hantering van **protea** en **prestige** sou die gebruiker verwag om deurgaans alle uitsprake aan te tref. By **polonie** byvoorbeeld word die Engelse uitspraak [pələu'ni] wel gegee, so ook by **pro-am** [prœu'æm]. By **polonek**, **polonekhemp** en **polonektrui** kom die heel gebruiklike Engelse uitspraak [pœu'lœu] egter nie voor nie. Dan kon daar ook geen patroon afgelei word by die uitspraakleiding by afkortings nie en dit word ook nie in die "Toeligting" verduidelik nie. Uit die volgende afkortings **pm**, **¹p.m.**, **²p.m.**, **³p.m.**, **Pm**, **PM**, **Pmb.**, **¹PMD**, **²PMD**, **PMG**, **PMM**, **PMS** word uitspraakleiding net by **PM**, **PMG** en **PMS** gegee. Dat sommige afkortings selde uitgespreek word, terwyl ander, veral akronieme, meestal uitspraakleiding moet ontvang, blyk nie uit hierdie behandeling nie. By ten minste **¹PMD**, **²PMD** en **PMM** moes ook uitspraakaan duidings gewees het.

De Schryver (2005: 62-63) merk op dat daar deesdae "an extreme disparity in average article length" in die WAT voorkom. Wat egter meer hinder aan die lengte van die artikels in deel XII, is dat minder frekwent gebruikte lemmas veel langer artikels as sommige hoogs frekwente lemmas beslaan. Dit kan weer

eens toegeskryf word aan gebrekkige beplanning by korpusonttrekking: frekwent gebruikte spreektaalvorme (veral dié met 'n hoër taboewaarde) word afgeskeep teenoor ongebruiklike skryftaalvorme. Vergelyk hier byvoorbeeld die lengte van die woordeboekartikels vir **poes** en **piel** met dié vir **predikaat**. By geeneen van eersgenoemde twee lemmatekens word daar etimologie aangedui nie. Daar word ook geen uitdrukkings by hulle gegee nie, terwyl daar wel sulke uitdrukkings in die spreektaal voorkom. By **poes** se eerste polisemiese inskrywing word net een sitaat van André P. Brink (1976) verskaf en dit in die diminutief *poesie*. By die tweede polisemiese inskrywing kom daar geen koteksleiding voor nie. By **piel** word daar as koteksinskrywings slegs twee sitate verskaf van Deon Meyer (1996) en weer eens van André P. Brink (1973) in die meervoudsdiminutief *pieletjies*. Die woordeboekartikel van **piel** beslaan 7,5 en dié van **poes** 8 reëls. Daarteenoor beslaan die lemmateken **predikaat** wat deesdae hoofsaaklik as linguïstiese term gebruik word een hele kolom. Dat die spreektaal kennelik afgeskeep word ten koste van die skryftaal blyk ook uit byvoorbeeld die omvang van die woordeboekartikels vir **poegie** en **poëem**. Vroeër reeds het Feinauer (1996: 258) opgemerk:

Hierdie probleem spruit uit die Prerenaisance-metode van ekserpering deur medewerkers, wat steeds in die WAT gevolg word: vreemde woorde word juis opgeteken om te bewys dat hulle bestaan, en heelwat van hierdie optekeninge word as voorbeeldmateriaal geplaas. Lombard (1992: 154) wys daarop dat ekserpeerders eerder die ongewone as die gebruikelike opteken. ... Die redaksie van die WAT moet bedag wees hierop en nie in verdere dele voortgaan met hierdie misleidende beeld t.o.v. die frekwensie van ongewone lemmas nie, of die WAT moet dit in sy toeligting baie duidelik stel dat sy sitate nie as absoluut verteenwoordigend van die taal beskou word nie, veral nie wat die frekwensie van woordgebruik betref nie.

Dat die vasstelling van gebruiklikheid 'n probleem is, blyk ook uit die opname van die lemma **poskaffer**, terwyl die sinchronies veel gebruikliker **plaaskaffer** nie opgeneem is nie. Onder "Beleid vir die hantering van beledigende en sensitiewe leksikale items" (bl. xix) verskyn die volgende: "Alle beledigende of sensitiewe simplekse, komposita en uitdrukkings wat aan die *algemene gebruiklikheidskriterium* van die WAT voldoen, word gelemmatiseer" (Beklemtoning deur die skrywer). Die WAT sal in die vervolg veel duideliker moet uitspel waarop hierdie algemene gebruiklikheidskriterium berus, want **poskaffer** moes nooit opgeneem gewees het nie; selfs met die etikette *rassisties* en *verouderd* (let wel) en die inskrywing "Sien Toeligting 6" sal dit gebruikers krenk. Onmiddellik ontstaan die vraag dan waarom die inskrywing "Sien Toeligting 6" nie ook by die lemmateken **poefter** voorkom nie? Hier verskyn wel die etikette *geselstaal*, *seksisties* en *neerhalend*. In die WAT-beleid word op bl. xix vermeld dat hierdie verwysing by rassismes aangedui word. Dit lyk dus asof die Redaksie rassisme as 'n growwer belediging en as meer onsensitief sien as seksisme, terwyl die Suid-Afrikaanse grondwet die twee gelykstel. Die beleid sê verder (bl. xx): "Waar moontlik, word 'n kwetsende leksikale item na die gebruiklikste neu-

trale sinoniem verwys. Indien dit nie moontlik is nie, word die definisie so neutraal as moontlik gestel." Reëlreg hierteenoor word daar by **poefter** 'n derde poliseem verstrekk met 'n verwysing "Moffie (³MOFFIE 2)" wat heelwat meer vernederend en kwetsend as *poefter* ervaar word.

In die artikels **paaltjieswagter** en **paaltjiewagter** word daar goeie kohesie tussen konteks- en koteksinligting bewerkstellig. By **paaltjieswagter** verskyn die etiket *verouderend* en die gebruiker word na die meer gebruiklike **paaltjiewagter** vir die definisie verwys. Die sitate wat by **paaltjieswagter** gebruik word, toon dat dit weliswaar verouderend is met een sitaat sonder jaar en nog een uit 1964. Dit wat die etiket aantoon, word deur die sitaat bevestig. By **paaltjiewagter** word ook 'n sitaat sonder jaar opgeneem, maar dan word 'n sitaat uit 1990 ook verskaf. Die WAT lei sy gebruikers egter nie kontekstueel deur die etikette *modern* of *neologisme* nie en die lesers moet hierdie inligting meestal implisiet vasstel. So moet daar uit die koteks van **paaltjiewagter-kolwer**, naamlik die sitaatdatums 1998 en 1999, afgelei word dat dit 'n moderne woord is, asook uit die etiket *verouderend* wat by die sinoniem **kolwer-paaltjiewagter** gegee word. Etiket word egter nie konsekwent by verouderende lemmatekens gebruik nie. Net soos die gebruiker uit die sitaatdatums, 1995 en 2001, by **pixel** moet aflei dat dit 'n moderne toevoeging tot die Afrikaanse leksikon is, moet daar uit die sitaatdatums, 1951 en 1947, by **pitso** afgelei word dat dit 'n verouderende of weinig gebruiklike item binne die Afrikaanse leksikon is. Dit sou heelwat vinniger en dus gebruiklikervriendeliker kon geskied, indien hierdie inligting reeds as konteksleiding gegee sou word.

Op bl. vii verklaar die Hoofredakteur: "Die WAT is 'n omvattende woordeboek wat *oorwegend sinchronies* van aard is" (Beklemtoneering deur die skrywer). Die huidige korpus veroorsaak egter dat dit nie altyd so uit die sitate blyk nie. Die sitate weerspieël steeds nie die werklike gebruiksfrekwensie van lemmas nie, soos afgelei kan word uit die jaartalverspreidings wat nie verteenwoordigend van die betrokke lemmas se werklike gebruik is nie. Dit kom ook steeds voor asof sitate lukraak opgeneem en gerangskik word. Sowel Gouws (1994) as Feinauer (1996) het reeds vroeër daarop gewys. Vir die eerste twee polisemiese onderskeidings van die lemmateken **poësie** lyk die sitaatdatums soos volg: sonder jaar, 1959, 1932 en 1966 vir onderskeiding 1 waar die betekenis "Skriftelike taalgebruik in versvorm ..." verklaar word; 1966 en 1966 vir onderskeiding 2. Indien die WAT dan wel *sinchronies* gelees sou word, lei die gebruiker af dat die woord *poësie* in die tweede betekenisonderskeiding, "Poësie as literêre genre", in 1966 heel frekwent was, maar dat dit sedertdien in onbruik geraak het. Met die gebruik van die 1966-sitaat by poliseem 1 word die verouderde spelling van "nòg ... nòg" boonop onnodig geperpetueer. Eers vanaf die derde polisemiese inskrywing, die betekenis "Poëtiese werke van 'n bepo. outeur, taalgroep of nasie ..." word moderner sitate aangetref, naamlik 1932, 1993, 1974, 1983 en 1981. By die vierde polisemiese inskrywing waar die metaforiese gebruik "Iets wat 'n digterlike bekoring het ..." behandel word, lyk dit weer asof dit 'n verouderende gebruik is met sitaatdatums 1968, 1978 en 1935.

By polisemiese onderskeiding 5 "Studierigting, vak ..." word geen sitate aangetref nie, slegs poëme. Dit is 'n bewys dat die huidige korpus steeds nie voorsiening maak vir die algemene gebruik van woorde nie.

Mediostruktuur

Die mediostruktuur is die stelsel van alle tipes verwysing of kruisverwysing wat in 'n woordeboek aangetref word. Dit dui ook op die mate van tekstuele kohesie en koherensie wat daar tussen die onderskeie strukturele komponente binne 'n woordeboek voorkom (Gouws en Prinsloo 2005: 177 e.v.). Daar is vroeër reeds daarop gewys dat daar 'n mediostrukturele verhouding tussen die WAT se voortekste en die sentrale teks, sowel as tussen die sentrale teks en die agtertekste bestaan. Hier gaan hoofsaaklik gekonsentreer word op die mediostruktuur van die sentrale teks, maar daar gaan terugverwys word na die afdeling "Verwysings" (bll. xvii-xix) in die "Toeligting by die gebruik van die woordeboek" wat uitvoerig as voorteks beskryf word. Hier word 'n uiteensetting van al die onderskeie tipes verwysings in WAT XII gevind. In Gouws (1999) word 'n diepteondersoek gedoen na die mediostrukturele verteenwoordiging in WAT X en die meeste daarvan, positiewe sowel as negatiewe kritiek, geld mutatis mutandis vir WAT XII. Daarom gaan hier volstaan word met enkele opmerkings.

Wat sinoniemverwysing betref, m.a.w. waar die gebruiker die definiens by die frekwens gebruikte lid van die sinoniemparadigma moet gaan soek, word daar steeds geen eksplisiete tipografiese merker na die verwysingsadres gegee nie. Die gebruiker kan dit dalk verkeerdelik as 'n baie kort definiens in plaas van 'n sinoniemverwysing beskou, veral wanneer die verwysingsadres in 'n ander deel van die WAT aangetref word. Dit kan veral gebeur wanneer die gebruiker nie telkens verwys word na die voorteks om die onderskeie tipes sinoniemaanduidings te onderskei nie. Vergelyk **poepholvrug** en **poepketel** wat direk ná mekaar verskyn. By eersgenoemde word "Hoendereier" as sinoniemverwysing of definiens verskaf met 'n poëem wat tot 'n mate betekenisverklarend is: *Ek gaan soos 'n hen begin kekkel as ek nog poepholvrugte moet eet!*. By **poepketel** word "Ketel (¹KETEL 9)" as sinoniemverwysing of definiens aangetref met 'n poëem wat niks bydra tot die betekenisontsluiting van die lemmateken of die verwysingsadres nie: *Hy sit al weer op die poepketel met 'n boek*. 'n Gesofistikeerde woordeboekgebruiker sal hier wel uit die homonimiese en polisemiese aanduidings wat konsekwent in deel XII verskaf word, aflei dat dit 'n sinoniemverwysing moet wees, maar nie by **poepholvrug** nie. Volgens Gouws (1999: 15) "the WAT X system does not always enable the user to achieve a clear and quick identification of the reference relation. This is due to excessive textual condensation". Daarteenoor word daar wel 'n eksplisiete kruisverwysingsmerker "sin." ná gevalle van sinoniemvermelding gegee waar die verwysing nie so belangrik is vir betekenisontsluiting nie, want die definiens kom in die betrokke artikel voor:

prinsdom ... Gebied ... wat deur 'n prins ... regeer word; sin. *prinsipaliteit* ...

Waar WAT XII wel sy gebruikers behulpsaam is, is waar daar blinde verwysings na vorige dele sal wees. By **queen 3 b i** word byvoorbeeld na *fopdosser* verwys, maar *fopdosser* is nie in deel II as lemma opgeneem nie. Daarom word *fopdosser* saam met 'n definiens as sinoniemverwysing vir **queen 3 b i** aangebied. By **queen 3 b ii** word die gebruiker na die sinoniem *transvestiet* verwys, wat eers in 'n toekomstige deel van die WAT verklaar sal word. Weer eens kon die WAT die gebruiker hier heelwat meer behulpsaam gewees het, indien daar 'n meer betekenisverklarende poëem of sitaat gegee sou gewees het in plaas van die bestaande: 'n *Transvestiet in 'n vroulike blombloes en sandale was sigbaar oorstelp: "Kyk, hier's baie queens in die Kaap, maar dis die enigste royal ene"* (Beeld, 21 Mrt. 1995, 1). Nêrens kan hieruit afgelei word dat dit om 'n man in vrouekleure gaan nie. Die voorstel van Gouws (1999: 32) dat die Redaksie dit kan oorweeg om 'n strukturele merker by sodanige verwysings in te voeg om vir die gebruiker aan te toon dat die verwysingsadres nog nie bestaan nie, is nie opgevolg nie.

Gouws (1999: 17) maak beswaar daarteen dat WAT X nie makrostruktureel voorsiening gemaak het vir die meer frekwent gebruikte losgeskrewe *mooi praatjies* nie. Slegs die minder gebruiklike **mooipraatjies** word opgeneem, weliswaar met 'n kruisverwysing na **mooi praatjies**.

mooipraatjies ... Ook soms *mooi praatjies*. ...

Die losgeskrewe *mooi praatjies* is egter wel as idiomatiese uitdrukking onder die lemmateken **mooi** vermeld. Omdat daar nie 'n eksplisiete verwysing na *mooi praatjies* as idiomatiese uitdrukking verskyn nie, kan dié misverstand maklik ontstaan. Uit die toeligting onder "5.3 Verwysingsmetode by los- en vasgeskrewe vorme" (bl. xix) blyk dit dat dié beleid in WAT XII voortgesit word: "Losgeskrewe leksikale items (met uitsondering van uitdrukings) wat 'n vasgeskrewe teenhanger het, word *slegs by die vaste vorm* vermeld, en 'n aanduiding of die los vorm minder gebruiklik, gebruikliker of gelykwaardig is aan die vaste vorm, word gegee, bv. onder **pakkry**: Meer dikw. *pak kry*. Die definisie volg daarna" (Beklemtoning deur die skrywer). In die sentrale teks word **pakkry** egter soos volg gehanteer:

pakkry ... (*minder gebruiklik*)

1 Sien PAK KRY (³PAK, uitdr.) ...

2 Meer dikw. *pak kry*. Verloor of 'n nederlaag ly ...

Vir albei hierdie inskrywings word daar onder ³**pak** se gespesialiseerde uitdrukings vir polisemiese onderskeiding 1 en onder idiomatiese uitdrukings vir polisemiese onderskeiding 2 kruisverwysings aangetref met die definiens wat wel ook vir onderskeiding 2 by die gebruikliker losgeskrewe vorm herhaal word:

kry: pak kry Ook soms *pakkry*. 'n Pak (³PAK 1) toegedien word ...

kry: pak kry of soms **pakkry** Verloor of 'n nederlaag ly ...

Hier kan nie dieselfde misverstand as by **mooipraatjies** ontstaan nie, omdat die definiens herhaal word. Die misverstand ontstaan omdat daar nie eksplisiete verwysings by gespesialiseerde en idiomatiese uitdrukkings na die los- of vasgeskrewe vorme gegee word wanneer die definiense nie herhaal word nie, maar omdat hulle op dieselfde manier bewerk word as los- en vasgeskrewe leksikale items wat nie gespesialiseerde en idiomatiese uitdrukkings is nie. Die volgende geval kan as voorbeeld dien:

pypstop ...

II ww. ... Ook *pyp stop*.

Aangesien dit nie 'n eksplisiete kruisverwysing is nie, word *pyp stop* in die losgeskrewe vorm dus nie as lemmateken aangetref nie. Die WAT behoort 'n onderskeid te maak in die behandeling van dié twee soorte los- en vasgeskrewe items.

Om terug te keer na De Schryver (2005: 66-68) se beswaar teen die lyste en lyste onbewerkte lemmatekens wat in die WAT aangetref word: Van hierdie lemmatekens veroorsaak "semi-dead cross references" wanneer die gebruiker na 'n lemmateken verwys word, maar die lemmateken slegs as sublemmateken opgeneem is. Voorbeelde wat hy noem, is **kritiekloos** en **krities** waar die gebruiker in albei gevalle na die antoniemvorm **onkrities** verwys word, maar **onkrities** is dan nie verder bewerk nie en word slegs as sublemmateken onder die lang lys afleidings onder die prefiks **on-** aangetref. Dit is ook die geval by **krygskreet** waar die sinoniemverwysing **oorlogskreet** gegee word as die meer gebruiklike vorm, maar **oorlogskreet** word dan net as sublemmateken onder die lemma **oorlogs-** aangetref. Dieselfde tipe kruisverwysings kom in WAT XII voor met die onbewerkte lemmatekens wat onder **pre-** en **post-** gegee word. Die woordeboekartikels is baie informasiedig en gekondenseer as gevolg van die eksplisiete en implisiete kruisverwysende verbindings wat hier aangetref word:

post- 2 (*t.o.v. posisie*) Agter of posterior (POSTERIOR I 1) tot die geïmpliseerde voorwerp of saak; teenoor *pre-*, bv. *postaksiaal*, *postnasaal*, *postorbitaal*, *postsinapties*, *postverbaal*, *postwerkwoordelik*; **postalveolêr**, **postdorsaal**, **postduktaal**, **postganglionies**, **postkapillêr**, **postkraniaal**, **postnominaal**, **postpituïtêr**, **postvelêr**, **postvokalies**.

Uit die lys onbewerkte lemmas het slegs **postpituïtêr** 'n woordeboekinterne kruisverwysingsadres; die res van die verwysings is almal woordeboekekstern en **postvelêr** en **postvokalies** is boonop steeds dooie verwysings. 'n Gesofistikeerde woordeboekgebruiker behoort minstens die betekenis van die onbewerkte lemma **postpituïtêr** redelik maklik te kan aflei: "onverklaarde afleidings wat *op grond van deursigtigheid* nie verklaar hoef te word nie" (bl. xvi) (Beklemtoning deur die skrywer). Die mediostruktuur van die artikel sal ook help met die deursigtigheid: eerstens is daar die konteksleidende etiket (*t.o.v. posisie*); dan die woordeboekinterne kruisverwysing na (POSTERIOR I 1) as deel van die definiens, sowel as 'n antoniemverwysing (teenoor *pre-*). Daarop volg voorbeelde

wat ook as kruisverwysings kan dien, want hulle word verklaar (*postaksiaal, postnasaal, postorbitaal, postsinapties, postverbaal, postwerkwoordelik*), so deeglik dat **postverbaal** en **postwerkwoordelik** wat sinonieme is, albei as verklaarde lemmatekens opgeneem word. Hieruit kan dan afgelei word hoe die betekenis binne ander afleidings saamgestel is: **postnominaal** sal in dieselfde verhouding optree as **postverbaal** sowel as **postvelêr** teenoor **postnasaal**. Al wat nou oorbly, is om te kyk wat **pituïtêr** beteken, maar die betekenis is nog steeds nie duidelik nie. Is dit: 1. geleë aan die agterkant van die pituïtêre klier, 2. nadat die pituïtêre klier afgeskei het, of 3. nie een van die vorige twee nie. Die antoniem **pre-** lewer ook niks verhelderends nie, want **prepituïtêr** is nie opgeneem nie en bestaan waarskynlik glad nie indien betekenis 1 die korrekte sou wees. Alhoewel die mediostruktuur leksikografies deeglik uitgebou is, is dit steeds nie voldoende om die betekenis en nog minder die gebruik van alle onverklaarde lemmas te ontsluit nie. Vir toekomstige dele sal die Redaksie sy beleid van lang lyste sublemmas moet hersien en nie langer lukraak besluit wat verklaar moet word en wat nie soos bv. met **postorbitaal** (verklaard) en **postpituïtêr** (onverklaard) nie.

Slot

Niemand sal die leksikografiese verbetering van die WAT sedert die eerste agt dele ontken nie. Daarvoor verdien ook die Redaksie van deel XII lof. Soos enige wetenskap ontwikkel die metaleksikografie egter voortdurend. Die WAT sal in die toekoms nader aan die uitleef van sy missie kom, indien toekomstige dele deeglik gekonseptualiseer en beplan sou word aan die hand van leksikografiese funksies, veral noudat die metaleksikografie ook wegbeweeg vanaf die meer linguïstiese na die meer funksionalistiese benadering. Die keuse van leksikale items wat hierdie omvattendheid van die Afrikaanse leksikon illustreer en verteenwoordig mag ook nie langer willekeurig en lukraak gemaak word nie, maar 'n korpus moet beplan en gebrúik word. Sodoende sal die Afrikaanse taal en die gebruikers daarvan beter gedien word. Frekwent gebruikte woorde sal dus nie langer as lemmatekens oor die hoof gesien word nie en die lengte van artikelinskrywings behoort ook meer gelykvormig te word. Die Suid-Afrikaanse leksikografie sal beter gedien word indien die WAT terugkeer na wat van 'n omvattende woordeboek verwag word, naamlik 'n meer gebalanseerde verteenwoordiging van makro- en mikrostruktuur. Dit behoort ook te lei tot 'n meer eweredige verspreiding van artikelomvang en minder onbewerkte lemmatekens.

Verwysings

- Bergenholtz, Henning en Sven Tarp. 2003. Two Opposing Theories: On HE Wiegand's Recent Discovery of Lexicographic Functions. *Hermes, Journal of Linguistics* 31: 171-196.

- Botha, Willem.** 2005. Concurrent Over- and Under-treatment. A Short Reply. *International Journal of Lexicography* 18(1): 77-88.
- Botha, Willem.** 2006. Kom ons doen dit vir Afrikaans! Die WAT word 80. *Eikestadnuus*, 24 Maart.
- De Schryver, Gilles-Maurice.** 2005. Concurrent Over- and Under-treatment in Dictionaries — The *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* as a Case in Point. *International Journal of Lexicography* 18(1): 47-76.
- Feinauer, Ilse.** 1996. Die negende deel van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. *Lexikos* 6: 233-271.
- Gouws, Rufus H.** 1994. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, negende deel. SAUK, Skrywers en Boeke.
- Gouws, Rufus H.** 1999. Mediostructural Representation, Textual Condensation and User-orientation in the WAT X. *Lexicographica: International Annual for Lexicography* 15: 4-37.
- Gouws, Rufus H.** 2006. Die zweitsprachige Lexikographie Afrikaans-Deutsch — Eine metalexikographische Herausforderung. Dimova, Ana, Vida Jesenšek and Pavel Petkov. 2006. *Zweitsprachige Lexikographie und Deutsch als Fremdsprache*: 49-58. Hildesheim: Georg Olms.
- Gouws, Rufus H. en Danie J. Prinsloo.** 2005. *Principles and Practice of South African Lexicography*. Stellenbosch: SUN PReSS.
- Hanks, P.** 2004. *Word Lists for Big Dictionaries*. Message posted to the Lexicography List, 15 March 2004. <http://groups.yahoo.com/group/lexicographylist/message/505>.
- Keyser, Helane.** 2003. *Ondersoek na 'n model vir die opleiding van leksikograwe vir verklarende woordeboeke*. Ongepubliseerde M.Phil.-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Lombard, F.J.** 1992. Voorbeeldmateriaal in woordeboeke. *Lexikos* 2: 148-164.
- Martins, Magda.** 2005. WAT. Word alles in dié woordeboek toegelaat? *Beeld*, 5 September.
- Odendal, François F. en Rufus H. Gouws.** 2005. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Kaapstad: Pearson.
- Swart, Corlietha.** 2006. WAT vier 80 met 12de deel. *Volksblad*, 27 Februarie.
- Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.** 2002. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Pharos.
- Van den Berg, Leon.** 2006. Veel meer as 'n woordeboek. *Beeld*, 15 Mei.
- Wiegand, H.E.** 1996. Über Mediostrukturen bei gedruckten Wörterbüchern. Zettersten, A. en H. Pedersen (Reds.). 1996. *Symposium on Lexicography VII*: 11-43. Tübingen: Max Niemeyer.